SEKWATI JOHN MOKOENA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Die aantekening wat u in u handskrif gemaak het onder punt 2(b) onder die opskrif "Session 2" op BEWYSSTUK AT7(C) "Popularisation of the Freedom Charter, waarom het u dit daar aangeteken? -- Ek het dit aangeteken omdat ek gehoor het dit is 'n punt wat (30) die persoon genoem het. Dit was eintlik sy hoofpunt in die

toespraak. Dit is hoekom ek dit daar aangeteken het. Verstaan ek u reg, die hoof boodskap in sy toespraak was dat die Freedom Charter gepopulariseer moet word onder die mense? -- Die boodskap wat ek verstaan het van sy toespraak was dat die jeugorganisasies moet die "principles" volg wat gevind word in die Freedom Charter - die "principles of democracy" wat gevind word in die Freedom Charter.

Was u op daardie stadium vertrou met die inhoud van die Freedom Charter? -- Ek het dit gelees, maar dit was lank gelede nadat ek dit gelees het. (10)

Die antwoord wat u net voor hierdie vraag gegee het oor die boodskap van die spreker dat die beginsels van die Freedom Charter nagestreef moet word, is nie eintlik nie die popularisering van die Freedom Charter nie. Wat ek by u wil weet is, het die spreker gesê die Freedom Charter moet gepopulariseer word of het hy dit nie gesê nie? -- Ek het hom verstaan sê dat die jeugorganisasies sal die "principles" van "democracy" moet volg wat gevind word in die Freedom Charter.

Waarom skryf u dan op BEWYSSTUK AT7(C) dat die Freedom Charter gepopulariseer moet word? -- Op hierdie manier het ek dit so verstaan. Dat as die persoon praat van die "principles" van die "democracy" wat gevind word in die Freedom Charter, beteken dit dus dat h persoon moet weet wat die Freedom Charter is om dit te kan volg. In kort dit is die woord wat ek gebruik het en toe h aantekening daarvan as h verkorting van wat ek verstaan het aangebring. HOF : So, die spreker het dit nie gesê nie? -- Nee, ek sal nie sê dat hy, dit wil sê die spreker, direk hierdie woord gebruik het van "popularisation" nie. (30)

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Wel, ek stel dit aan u dat hierdie inskrywing van u dui daarop dat dit u siening was dat die Freedom Charter onder die mense, onder die breë publiek gepopulariseer moet word? -- Toe ek hierdie aantekening hier aangebring het op hierdie dokument, was dit na aanleiding van wat ek verstaan het as gevolg van die toespraak van die spreker.

En ek stel dit ook aan u dat dit die taak is wat aan die jeuggroepe opgedra is om die Freedom Charter te populariseer, daarom dat u dit skryf agter "Directions of youth groups"? -- Dit is nie so nie. Ek het alreeds gesê dat (10) ek net 'n voorbeeld gemaak het met die Freedom Charter waar 'n mens dan hierdie punte kan kry van die Freedom - "democratic principles" wat gevind kan word in die Freedom Charter.

Wat is die demokratiese beginsels waarna u verwys wat in die Freedom Charter vervat is? -- Die spreker wat 'n toespraak daar gelewer het, het dit nie verduidelik nie.

Wat het u daaronder verstaan? -- Toe die spreker daar gepraat het, het ek verstaan wat die Freedom Charter is, want op hierdie tydstip het ek al die Freedom Charter geles toe die persoon die toespraak gemaak het. (20)

HOF : Die vraag is wat het u onder "democratic principles" verstaan? -- Met demokrasie het ek verstaan dat as dit in 'n organisasie is, is die mense daarin betrokke dan ewe. Daar is nie persone wat hoër beskou kan word as die ander lede van daardie organisasie nie.

Is dit al? -- Nee, daar is nog. Ek kan nie onthou op die huidige oomblik nie, maar dit word vervat in die Freedom Charter.

Maar ek vra net vir u wat het u verstaan onder "democratic principles"? -- Ek het alreeds gesê dat in 'n geval van 'n (30) organisasie/...

organisasie, as h mens nou praat van demokrasie, beteken dit dat al die lede het eweveel mag. Daar is nie een met hoër magte as die ander een nie.

Is dit nou so 'n verskriklike groot punt wat 'n organisasie betref? Ek sou gedink het dit is redelik algemeen? -- Ek volg dit nie.

Is in u gemeenskap die organisasies oor die algemeen nie demokraties nie? -- Ek weet nie, want ek was nog nie vantevore 'n lid van enige organisasie in die gemeenskap nie. Dit was net die eerste keer gewees dat ek betrokke geraak(10) het en gemoeid was met die jeugorganisasie.

MNR. HANEKOM : Die antwoord wat u nou gegee het, hoe rym dit met u getuienis dat u eintlik die inisiatief geneem het om 'n jeugorganisasie in Boipatong op die been te bring? Dit was 'n kort rukkie voor hierdie konferensie by Wilgerspruit. Het u die inisiatief geneem om 'n jeugorganisasie op die been te bring en u weet nie hoe werk 'n jeugorganisasie nie? -- Ek het hier verduidelik in die hof wat eintlik die belang in my gebring het dat ek nou hierdie organisasie van die jeug moet stig. Dit was as gevolg van die beheer en die gedrag(20) van die jeug in Boipatong dat ek daarop besluit het. Dit sou net vir daardie jeugorganisasie gewees het om te besluit wat dit eintlik is die organisasie wil hê moet gedoen word, of gemoeid moet raak daarmee.

Dit alles beantwoord nie die vraag nie. Ek vra u weer, wil u die indruk by die Hof skeep of die boodskap oordra dat u die inisiatief geneem het om die jeugorganisasie op die been te bring in Boipatong terwyl u totaal onkundig was oor hoe 'n organisasie se opset werk? -- Volgens my kennis, al was ek die persoon gewees wat die inisiatief geneem het om (30)

die/...

die stigting van die organisasie, het die besluit nie by my gelê dat ek nou die enigste persoon is wat moet besluit oor wat gedoen moet word en wat hierdie organisasie homself mee moet bemoei nie.

Ons sal dit daar laat. Kyk asseblief weer na AT7(C). Net na die handgeskrewe nota van u oor die popularisering van die Freedom Charter het u geskryf "transforming youths into democratic youths." Wat het u daarmee bedoel? -- Ek het dit dieselfde verstaan as die vorige aantekening wat ek met die hand gemaak het dat die jeugorganisasies sal moet(10) demokrasie in die praktyk stel.

HOF : Maar as u die woord "transforming" gebruik, dan beteken dit hulle was nie demokraties nie, hulle moes nou demokraties word? -- Ja, ek verstaan dit.

Watter organisasies ken u wat nie demokraties was nie? -- Nee, ek weet van geen, want ek was nog nie vantevore h lid van enige organisasie nie.

MNR. HANEKOM : U sê dit is wat u bedoel het toe u dit daar geskryf het. Wat het die spreker in daardie verband gesê wat aanleiding gegee het tot hierdie aantekening van u? -- Dit(20) is toe die spreker gesê het dat die nodig is in die jeug-organisasies om demokratiese beginsels te leer.

Het die spreker dit verduidelik dat dit nodig is om demokratiese beginsels te leer? -- Ek kan nie sy presiese woorde onthou wat hy gebruik het nie, maar dit is die trant van wat ek verstaan het hy gesê het.

Het die spreker genoem watter organisasies verander moet word na demokratiese organisasies toe?

MR TIP : If that is a question founded on the note, then regard should be had with respect to the fact that it reads(30)

"transforming/...

"transforming youths into a democratic youth" and not transforming organisations.

MNR. HANEKOM : Ek het die getuie gevra na aanleiding van sy antwoord wat hy gegee het dat dit organisasies is wat verander moet word.

HOF : Die vraag word toegelaat.

MNR. HANEKOM : Het die spreker genoem watter organisasies verander moet word na demokratiese organisasies toe? -- Nee, hy het nie melding gemaak van organisasies nie. Al wat hy gesê het was dat die jeug moet geleer word oor die demo- (10) kratiese beginsels.

Goed, laat ons net duidelikheid kry oor die aantekening van u. Waar u sê "transforming youths into a democratic youth", bedoel u organisasies of bedoel u die jeug? Wat bedoel u met die gebruik van die twee woorde "youths" daar?

HOF : Bedoel u persone of bedoel u organisasies? -- Volgens wat ek daar verstaan het, was sy toespraak gemik op die jeug as 'n persoon en nie as 'n organisasie nie.

MNR. HANEKOM : Het hy dan verduidelik hoe moet 'n jeugdige persoon verander word in 'n demokratiese jeugdige persoon? (20) Is dit wat u sê? -- Soos ek alreeds gesê het, hierdie persoon het hier 'n voorbeeld gemaak met die Freedom Charter waar om te kyk om die demokratiese beginsels te vind.

HOF : Watter deel van die Freedom Charter verwys u na? -- Hy het nie verduidelik spesifiek watter deel nie. Hy het net verwysing gemaak na die Freedom Charter.

Watter deel het u gedink word na verwys? -- Ek het net gedink hy praat van die Freedom Charter as geheel.

Die hele Freedom Charter? -- Omrede die persoon nie spesifiek gesê het na watter gedeelte hy verwys van die (30)

Freedom/...

Freedom Charter nie, het ek aanvaar dat hy van die hele Freedom Charter praat.

MNR. HANEKOM : U het 'n rukkie gelede gesê die spreker het gesê die jeug moet geleer word oor die demokratiese beginsels. Het hy gesê watter demokratiese beginsels hy na verwys? -- Nee, net soos ek nou net pas verduidelik het dat hy nie spesifiek gesê het wat dit is wat hy na verwys as die demokratiese beginsels in die Freedom Charter nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry, asseblief. Bedoel u met "democratic youths" dat die mense 'n sekere siening moet (10) kry op sake of bedoel u daarmee dat hulle in hulle organisasie 'n sekere wyse van stemming of organisasie moet hê? -- Ek verstaan dat hulle moet 'n sekere manier hê van ooreenstemming op sekere dinge wat betrekking het op dié se organisasie.

Ja, maar as 'n mens nou kyk na die Freedom Charter byvoorbeeld. Almal moet huise hê. Wat het dit te doen met die organisasie van 'n jeugorganisasie? -- Ek verstaan dit soos volg, dat wat daar bedoel word is dat die jeug ook deel moet neem indien dit 'n grief is van die inwoners aangaande (20) die tekort van huise, dat hulle ook deel moet neem met die grief wat oorgedra word.

Ek het probleme met u, probleme in die sin dat ek nie mooi verstaan wat u bedoel met "democratic" nie. As u gevra word na "democratic" dan verwys u na die Freedom Charter. As u verwys word na die Freedom Charter, dan sê u die hele Freedom Charter. Die woord "democratic" kan in hierdie sin twee betekenisse hê. Die een is dat jy op jou plaaslike vlak in jou jeuggroep 'n sekere wyse van organisasie het wat demokraties is, jou ampsdraers is demokraties verkies (30)

en/...

en almal het n sê in die sake van die organisasie. Dit is een ding en n ander is dat as jy dit gaan vasknoop aan die Freedom Charter dat jy dan n algemene breë politieke siening het en dat dit is wat "democratic" bedoel. Nou wil dit vir my voorkom asof u betekenis die tweede is, maar ek wil nie vir u voorsê nie. U moet vir my sê.

MR BIZOS : I would submit with respect that the two are not exclusive and I would appeal to Your Lordship - I am sorry to do this and it hurts me with respect. The question of the misreading of the note with the greatest respect, (10) started with Your Lordship and not with My Learned Friend reading "youths" as youth organisations. We have spent twenty minutes to half an hour on this issue with I respectfully submit a misunderstanding by Your Lordship of the note. Your Lordship is aware of how influenced the witness is by questions which are asked from members of the court. Your Lordship has now given the witness two alternatives and you are asking him to ... (Court intervenes)

COURT : Do you suggest a third one?

MR BIZOS : Yes. (20)

COURT : What is the third one?

MR BIZOS : Both, because a democratic approach means that you behave democratically in your community organisations and you have a wider view as well that your country should be ... (Court intervenes)

COURT : The witness could tell me that.

MR BIZOS : He could, but the way in which Your Lordship's question has been put is that there are two alternatives and he is asked by Your Lordship to choose one of the two alternatives and that is not correct, with respect, on (30)

the/...

facts and in simple logic and I do not, with the greatest respect, want to stand up and make this sort of objection because I do not think that it adds to the orderly progress of the trial, but I am constraint to do it and I am sorry that I had to do it in relation to this particular question.

COURT : Do you remember the question? -- No, I do not. I was going to ask for a repetition of the question.

What did you mean by democratic? -- What I meant was that the speaker there was saying that the youth must be (10) taught the democratic principles and in that the speaker made an example with the Freedom Charter.

And what did you understand under democratic principles? -- I understood that to mean that the democratic principles are those that are found in the contents of the Freedom Charter which I once read prior to this reference to the Freedom Charter.

And you cannot mention them here? -- Yes, because of the reason that I have not read them again subsequent to the reference to them. (20)

MNR. HANEKOM : Kan u nog onthou presies wat was die voorbeeld wat die spreker gebruik het toe hy - u sê hy het die voorbeeld van die Freedom Charter gebruik toe hy gepraat het oor "democratic principles". Hoe het hy die voorbeeld gemaak? -- Ek het nou net pas aan die Hof verduidelik dat die spreker gesê het die beginsels van demokrasie wat hy, die spreker, van praat kan gevind word in die Freedom Charter. Ek kan nie onthou dat die spreker spesifiek na iets wat vervat word in die Freedom Charter verwys het en gesê het dit is die beginsels waarvan hy praat nie. (30)

Het/...

Het die spreker gesê hoe die jeug geleer moet word oor die demokratiese beginsels? -- Ek onthou nie dat hy die manier waarop hulle geleer moet word beskrywe nie.

Het hy nie gesê dit moet wees deur middel van vergaderings of seminare soos die een waarmee hy besig was nie? -- Nee, ek onthou nie dat dit so gesê was nie.

HOF : As u sê dat u onthou nie, beteken dit dit het nie gebeur nie of beteken dit dat dit moontlik is dat dit gebeur het, maar u onthou dit nie? -- Daarby bedoel ek dat ek die persoon is wat vergeet het wat die persoon gesê (10) het aangesien hierdie voorval lank gelede plaasgevind het.

MNR. HANEKOM : Het die spreker gesê wie die jeug moes leer aangaande die demokratiese beginsels? -- Wat ek onthou is dat die spreker gesê het die jeug onder mekaar moet leer.

K678

Het die spreker nie in dié verband gesê dat dit die taak van die besture in die jeugorganisasies is om dit aan die jeug oor te dra nie? -- Nee, ek onthou nie dat dit deur die spreker gesê was nie.

Na die spreker se toespraak, was daar geleentheid om vrae te stel aan hom? -- Nee, ek onthou nie vrae wat gevra (20) was nie.

Was daar geleentheid vir vrae? -- Nee.

Was daar 'n besprekingsgroep na hierdie toespraak van die konferensiegangers? -- Ja, daar was 'n derde sessie gewees wat 'n werksinkelsessie was.

Maar ek wil net duidelikheid kry. Was daar 'n bespreking oor hierdie toespraak wat hierdie spesifieke spreker gelewer het? -- As ek u reg verstaan vra u onmiddellik na hierdie spreker of daar besprekings was?

Die vraag is eintlik nie aan tyd gebonde, of dit (30)

onmiddellik/...

onmiddellik of later was nie. Ek wil net weet was daar 'n geleentheid waarop die groepe hierdie spreker se toespraak bespreek het? -- Ek sê daar was 'n "workshop" sessie gewees waar daar besprekings uitgevoer was. Dit was nie die enigste toespraak wat onder daardie gedeelte bespreek was nie. Dit wil sê met verwysing na die toespraak van hierdie spesifieke persoon.

Was hierdie spreker se toespraak dan ook in die werks-winkelsessie bespreek? -- In daardie tyd wat bespreek was daar was die punte wat voortgespruit het uit die konferensie(10) sedert die aanvang van die konferensie. Ek onthou nie dat daar spesifiek 'n toespraak van hierdie spreker bespreek was nie.

Goed, ons sal terugkom op die werks-winkelsessie. As u kyk na BEWYSSTUK AT7(C) onder punt 2 dan sê die program dit is 'n "discussion" en eerstens (a) is "problems", (b) is "directions of the youth groups" waartydens die spreker gepraat het. Wat dui die "discussion" daar aan? Was dit nie juis 'n bespreking nie? -- Nee, ek het alreeds vir die Hof vertel wat daar aan die gang was met my aankoms. (20)

Onder punt 2(c) op AT7(C) is die opskrif "national co-ordination". Het daar 'n ander spreker oor daardie onderwerp gepraat of was dit dieselfde spreker? -- Iemand anders het die toespraak gelewer.

Wie was die persoon? -- Ek ken nie die persoon nie.

Het u later tydens die konferensie uitgevind wie hy was? -- Ek kan nie spesifiek onthou of ek probeer het om vas te stel wie die persoon is nie. Wat ek wel kan sê is dat dat daar van die mense is wat ek later geken het wie hulle was, maar weer vergeet het. Omrede ek daardie persone daar(30)

vir/...

vir die eerste keer gesien het en na ek hulle daar gesien het, het ek hulle nooit weer gesien nie.

Is die persoon nie voorgestel toe hy sy toespraak gelewer het en aan die mense gesê wie hy is en of hy van enige organisasie afkomstig is nie? -- Nee.

Wat het die spreker gesê oor "national co-ordination"? -- Wat ek onthou wat aanleiding gegee het tot die maak van 'n aantekening deur my daaromtrent is dat die spreker daar het melding gemaak van dat dit bespreek moet word deur die organisasies en die streke eers. Dit is al wat ek onthou. (10)

Wat moet bespreek word in die streke? -- Dit is die punt wat daar geskryf staan "national co-ordination".

Wat het hy vir die mense verduidelik wat bedoel hy met "national co-ordination"? -- Ek het verstaan dat sy verduideliking daaromtrent is die kontak wat bestaan in die organisasies as geheel.

Is dit net 'n spesifieke tipe organisasie of is dit al die jeugorganisasies reg oor die land? -- Hy het gepraat van die jeugorganisasies.

Sluit dit in COSAS en AZANYO? -- Hy het nie die organisasies wat hy van praat by name genoem nie. Al wat die persoon gesê het is dat dit betrekking het op die jeugorganisasies. COSAS is aan my bekend as skoolgaande kinders se organisasie by die skole. Ek weet nie van AZANYO nie.

Net om duidelikheid te kry, beskou u COSAS nie as 'n jeugorganisasie nie omdat dit uit skoolkinders bestaan? -- Weens die feit dat ek nie veel weet van hierdie organisasie behalwe dat ek weet dit is 'n organisasie van skoolkinders wat op skool is, is al wat ek kan sê dat ek dit ken as 'n organisasie wat te doene het met skoolkinders wat in die (30)

skoolkinders/...

skoolkinders se probleme op skool sal moet insien.

Miskien moet ons nou duidelikheid daarvoor kry. Dit gaan ter sprake kom. Wat beskou u as jeug? Is skoolgaande kinders nie jeug nie? -- As h skoolgaande kind 18 jaar is of meer en hy is nog op skool, dan is daardie kind, volgens my, h jeug. Net soos h jeug wat nie op skool is nie, maar bo die ouderdom van 18 is. Wat ek verneem het was dat COSAS as h organisasie is net vir die kinders wat nog op skool is.

Maak u h onderskeid tussen skoolgaande kinders en jeug? -- Ek het nou net pas verduidelik watter ouderdom word (10) beskou as h jeugouderdom, dit wil sê van 18 jaar en ouer.

Tot hoe oud? -- Volgens my kan die persoon tot omtrent 30 jaar bereik.

En die mense wat op hierdie konferensie was, op 14 Januarie 1984, was hulle in die ouderdomsgroep, 18 tot 30 ongeveer? -- Ek weet nie wat hulle ouderdomme was nie, maar volgens my skatting het ek hulle in daardie ouderdom geplaas.

Om terug te keer na die toespraak oor die nasionale koördinasie. Het die spreker gesê waarom die jeugorganisasies landswyd gekoördineer moet word en hoe dit gedoen moet word? -- Nee.

Wat het u bedoel met u nota dat nasionale koördinasie "should be discussed by the regional organisation"? -- Dit is wat die spreker daar gesê het in die toespraak dat hierdie punt van "national co-ordination" bespreek sal moet word by die organisasies se streke eers.

Wil u vir die Hof sê dat die spreker se standpunt en beroep was dat daar nasionale koördinasie moet wees en hy vertel nie vir die konferensiegangers hoe dit gedoen moet word, waarom dit gedoen moet word of wat hy in gedagte (30)

gehad/...

gehad het nie? -- In die eerste plek dra ek geen kennis daarvan dat hierdie spreker die persoon is wat met daardie gedagte gekom het op die punt van "national co-ordination" nie. Ek het aanvaar dat die persoon se toespraak aangaande daardie punt is gebaseer op dit wat h mens op hierdie program sien. Dit wil sê die punt wat daar gewys word. Dus na aanleiding daarvan dat dit alreeds vervat was in die program, het hy in sy toespraak h voorstel gemaak dat dit nie onmiddellik daar in die konferensie bespreek moet word nie, maar wel deur die organisasies eers in hulle streke bespreek (10) moet word. Dit is hoe ek dit verstaan het.

Het hy gesê as die organisasies dit in die streke bespreek het wie gaan dit koördineer? Hoe gaan hulle weer bymekaar uitkom om die nasionale koördinasie te bewerkstellig? -- Nee.

Onder punt 2 "discussion" op AT7(C), die eerste deel is daar "problems". -- Ja, ek sien dit.

Was u teenwoordig toe hierdie punt behandel is? -- Nee, dit is voor ek daar opgedaag het.

Was daar tydens u teenwoordigheid 14 of 15 Januarie (20) 1984 op enige stadium probleme van die jeug bespreek op die konferensie? -- Dit is een van die dinge wat ek te hore gekom het in die tyd van die sessie - werkswinkelsessie.

Is die werkswinkelsessie waarna u verwys dié wat aangedui word onder "Session 3 Regional workshop session"? -- Ja, dit is so.

Hoe is die werkswinkel georganiseer? Hoekom was dit h "regional workshop session"? -- Dit is omdat toe ons by daardie punt kom op daardie tydstip was die konferensie verdeel volgens streke. Dit is hoekom dit so genoem was. (30)

HOF/...

HOF : Is streke provinsies of hoekom is dit so genoem? --
Provinsies.

MNR. HANEKOM : Was daar vir elke provinsie net een groep
of was daar meer as een groep vir die verskillende provin-
sies? -- Dit was net een groep vir daardie provinsie.

En uself was in die Transvaal provinsie se groep inge-
deel? -- Ja, dit is so.

Hoe is u daar ingedeel? Sonder dat enigeen op die kon-
ferensie enige besonderhede oor u gehad het? Sonder dat
u geregistreer het, sonder dat u daar enige organisasie (10)
verteenwoordig het? -- Met die begin van hierdie sessie het
ons almal na die saal toe gegaan. Die voorsitter daar het
dit toe bekend gemaak dat dit nou die tyd is dat die pro-
vinsies apart moet sit volgens die provinsies, waarop hy
toe verduidelik het dat Transvaal byvoorbeeld bymekaar
sal moet wees en vir die ander provinsies ook so gesê.

Was al vier provinsies daar verteenwoordig? -- Dit is
hoe ek opgelet het, ja.

Wie was die voorsitter? -- Ek ken nie die persoon nie.

Het jy nooit uitgevind tydens die konferensie nie? -- (20)
Daar was van die mense wat ek geken het daar, maar later van
tyd het ek hulle name vergeet.

U het in u hoofgetuienis gesê BEWYSSTUK AT7(A) is notas
wat u geneem het tydens hierdie groepbespreking. Is dit
korrek? -- Ja, dit is van die punte wat ek van aantekeninge
gemaak het by hierdie konferensie.

HOF : Met die groepsbespreking, die werkwinkel? -- Ja, dit
is so.

MNR. HANEKOM : Die eerse punt daar. punt 1 "How do we organise
and mobilise our youths", was hierdie punt bespreek tydens (30)
die/...

die werkswinkel? -- Ja, ek onthou dat daar besprekings uitgevoer was omtrent daardie punt.

Wat was daaromtrent bespreek oor "organise and mobilise"? -- Wat ek kan onthou wat daar bespreek was oor die "organisation and mobilisation" was dat daar jeug - daar moet projekte gestabiliseer word waarin die jeug deel sal neem, dat hulle ook moet deelnaam aan die "recreational facilities". Dit is wat ek nou verstaan het tydens die besprekings van die "organisation and mobilisation".

Wat verstaan u onder die woord "organise"? "To organise the youth"? -- My verstaan van die gebruik van daardie woord is dit beteken dat dit is om die jeug bymekaar te bring in 'n organisasie.

En onder die begrip "mobilise", wat verstaan u daar onder? -- Ek verstaan dit dieselfde soos die organisasie. Wat my betref is dit dieselfde ding.

Wat is daar tydens die werkswinkel bespreek? Waarom was dit nodig om die jeug te organiseer in 'n organisasie of organisasies? -- Dit was met die oog daarop om die jeug te betrek en dinge waaronder hulle, die jeug, 'n voordeel (20) gaan kry.

Kan u dit net meer verduidelik wat bedoel u daarmee? -- Daarby bedoel ek dat die jeug betrokke moet wees in hierdie tipe dinge wat dit moontlik sal maak vir die jeug om in staat te wees om deel te neem aan sport. Dit is een van die "recreational" fasiliteite wat ek 'n voorbeeld van maak.

Was daar op daardie stadium in Boipatong enige sportklubs vir die jeug? -- As ek reg is was voetbal gespeel gewees, tennis.

Is dit in die werkswinkel bespreek om nog verdere (30)
sportklubs/...

sportklubs op die been te bring en wat moes gebeur? -- Nee.

Hoe versoen u die sportklubs waarvan u nou praat, die sportorganisasies met die demokratiese beginsels van die Freedom Charter wat u sê het bestaan in die organisasies? -- Ek kan my nie voorstel dat daar ooit melding gemaak was van die Freedom Charter tydens die bespreking van hierdie punt nie. So, ek verstaan nou nie as u my vra hoe versoek ek dit met die Freedom Charter nie.

Wel, ek het u getuienis verstaan dat die eerste spreker wat u die dag gehoor het by die konferensie gesê het dat (10) dit baie belangrik is dat jeuggroepe geleer moet word van demokratiese beginsels soos vervat in die Freedom Charter? -- Ja, dit is so.

En nou sê u net na die toesprake in die werkswinkel is daar bespreek hoe die jeug georganiseer moet word en die eerste punt is dat hulle - dat daar jeugorganisasies moet wees? -- Ja.

En u het gesê die organisasies wat u in gedagte het of die doel daarmee is om tot voordeel van die jeug te wees, soos byvoorbeeld sportorganisasies? -- Dit is wat bespreek(20) was toe die punt "how do we mobilise and organise" bespreek was, dat dit toe onder bespreking gekom het. Die twee punte was toe voorgestel, dit wil sê die stabilisering van projekte en om te organiseer vir die "recreational" fasiliteite vir die jeug. Dit is sover as wat ek kan onthou.

En die demokratiese beginsels volgens die Freedom Charter het glad nie hier ter sprake gekom nie, sê u? -- Daar was geen melding gemaak van die Freedom Charter tydens die besprekings hier nie.

Is daar tydens die bespreking genoem watter tipe (30)

projekte/...

projekte die mense in gedagte het om die jeug te organiseer en te mobiliseer? -- Nee, ek onthou nie.

Ek het h probleem met u antwoord. U sê tog dit is bespreek en u het notas gemaak daaroor. Sê u dit is glad nie bespreek watter tipe projekte daar melding van gemaak is nie of kan u nie onthou of dit bespreek was of nie? -- Ek sê dit was bespreek gewees. Wat ek nie kan onthou nie is wat die voorbeelde is wat gemaak is met betrekking tot die projekte waarna verwys word.

Kan u nie een onthou nie? -- Nee. (10)

Wel, u getuienis was dat u juis die konferensie byge- woon het omdat u so belang gestel het om te sien hoe werk h organisasie en u het baie belang gestel daarin. Nou sê u u kan nie een van die projekte onthou wat bespreek is nie? -- Dit is so.

Hoe organiseer h mens die jeug rondom ontspannings- geriewe? -- Ek het verstaan dat die jeug aangemoedig moet word.

Hoe moes die jeug aangemoedig word? -- Byvoorbeeld, as hulle nou lede is van h organisasie, moet hulle aangemoedig(20) word om deel te neem aan die fasiliteite waarin die betrokke organisasie betrokke is met iets. Dit is aangaande "recreation".

En projekte? Hoe word die jeug georganiseer deur projekte daar te stel? -- Dit sal afhang van die organisasie van die lede wat dié besluit het wat om aan te pak in die projekte, wat dan die lede sal betrek.

Die "million signature campaign", waarby ons later in u getuienis sal kom, sal dit byvoorbeeld so h projek wees waarin die jeug betrek kan word om hulle te organiseer? (30)

Die/...

-- Die jeugorganisasie sou daaromtrent besluit het wat om te doen daaromtrent as h organisasie.

Die volgende paragraaf op BEWYSSTUK AT7(A) sê h streeksliggaam moet gevorm word om h jeugkamp later te reël. Ek wil net duidelikheid kry, wat is daaroor bespreek? Moes h streeksliggaam tot stand kom net om die kamp te reël of moes daar h streeksliggaam tot stand kom permanent, maar wat onder andere die kamp sou reël? -- Ek het verstaan dat die streeksliggaam wat gestig moes gewees het daar sou gestig gewees het met die oog op voorbereiding vir die "camp" van(10) die jeug.

Dan staan daar die kamp se doel was om die koördinasie van die verskillende jeugorganisasies makliker te maak. Wat is in daardie verband bespreek? Laat ek die vraag so beperk. Watter verskillende jeugorganisasies is daar bespreek wat gekoördineer moes word? -- Toe hierdie voorstel daar gemaak was, was dit gemaak met verwysing na jeugorganisasies wat daar is, indien daar enige was.

HOF : Wat waar is? -- In enige van die streke, byvoorbeeld hierdie voorstel was gemaak by die streek waar ek betrokke(20) was, dit wil sê Transvaal streek.

MNR. HANEKOM : Is daar in die bespreking gesê watter tipe jeugorganisasies so betrek moes word? Was dit h spesifieke tipe of was dit alle jeugorganisasies? -- Hier was gepraat van jeugorganisasies. Daar was nie h spesifieke organisasie genoem of spesifieke tipe organisasies genoem nie.

HOF : Maar hoe koördineer h mens nou h skaakklub met h voetbalklub? -- U sal verstaan toe die voorstel gemaak was aangaande die koördinering van die organisasies, die jeugorganisasies, behoort daar kontak te gewees het tussen (30)

die/...

die organisasies, dit wil sê die jeugorganisasies.

MNR. HANEKOM : Waarom was dit nodig? Wat was die doel daarvan om die organisasies so bymekaar te kry en te koördineer? -- Dit was met die oog daarop dat hulle met mekaar kan gesels en dinge bespreek, ondervinding ingesluit, wat hulle het as jeug met betrekking tot probleme ensovoorts. Soos dit nou hier duidelik staan, dat daar probleme bespreek was voor ek daar opgedaag het.

Verstaan ek u dan reg dat die doel was nie eintlik soos u gesê het om die mense bymekaar te kry dat hulle net (10) sosiaal kontak kan maak nie, maar die eintlike probleem was of die doel was om hulle bymekaar te kry sodat hulle saam die probleme kon bespreek en dat die probleme eintlik die samebindende faktor was? -- Ja, dit was eintlik gewees dat hulle nou die ondervinding bespreek van die jeug en ook kyk na die sosiale kontak van die jeug.

En die doel waarom daar koördinasie rondom die probleme moes wees was om gesamentlik op te tree teen die probleme. Is dit reg? -- Nee, dit is nie hoe ek dit verstaan nie.

Is dit nie daar bespreek nie? -- Nee. (20)

Watter tipe probleme het die groep in gedagte gehad toe julle dit bespreek het? -- Dit is die tipe probleme wat ek aangeteken het op BEWYSSTUK AT7(D).

Daar is sewe probleme aangestip. Is dit die sewe wat tydens dié bespreking uitgelig is as die probleme waarmee die jeug te kampe het? -- Ja, dit is so.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit nou die Sondag sessie, op die Sondag sessie?

HOF : Dit is by die "regional workshop session". Is dit reg? -- Ja, dit is so. (30)

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Die eerste probleem daar "harrassment of the youth by the system and the Bantu stands", wat is daar onder bespreek? -- Ek onthou hier was 'n voorbeeld gemaak met wat gebeur het in die Ciskei wat daar verduidelik was as 'n "harrassment" van die jeug en die inwoners, die burgers van daardie plek.

Wat was dit? Wat was die voorbeeld? Waaroor het dit gegaan? -- Dit was nie verduidelik nie, want dit was 'n gebeure wat deur die koerantverslaggewers uiteengesit is in die verslae van die koerante. (10)

HOF : Was daar Ciskeiers teenwoordig? -- Nee, ek is nie seker nie. Ek weet nie of hulle teenwoordig was nie.

MNR. HANEKOM : Hoe het die probleem in die Ciskei vir julle in die Transvaal, die streekgroep van die Transvaalse jeug-groepe, geraak? -- Toe ek daardie punt daar genotuleer het, is dit nadat dit verduidelik was wat die probleme is wat deur die jeug ondervind word. Ek het dus verstaan na aanleiding van die besprekings dat daar van die jeug is in die Transvaal met familieledede in die Ciskei. Op daardie manier het ek dan so verstaan dat die jeug geraak word deur die (20) probleme wat deur mense ondervind word in die Ciskei.

Maar dit is nie wat u daar geskryf het nie. U het nie geskryf dat die jeug geraak word deur die probleme wat hulle familie in die Ciskei ondervind nie. U skryf dit is "harrassment" wat die jeug ervaar? -- Ja, maar ek verduidelik aan u wat die verstandhouding was van my wat gelei het tot die aantekening wat ons na verwys. Eintlik dit wat ek verduidelik is na aanleiding van u vraag waarop u van my wou geweet het wat was gesê van die Ciskei en Bantu stand.

Nee, ek het u nie gevra van die Ciskei nie. -- "Harrassment"
(30)
van/...

van die Bantu stand.

Dit is juis my volgende vraag. As dit net die Ciskei was, waarom praat u van Bantu Stands in meervoud? -- Dit is wat daar gesê was dat daar probleme was met die jeug in die Bantu Stands en 'n voorbeeld is toe gemaak met Ciskei.

Wat was dit? Wat se probleme het die jeug ondervind in die tuislande? Wat was die probleem? -- Dit was die tekortkoming van werksplekke.

HOF : Te min werk? Geen werk? -- GEen werk, ja.

Tekort aan werk? -- Daar was 'n tekort van werksplekke(10) waar hulle werk kon vind.

Werksgeleenthede? -- Dit is so.

MNR. HANEKOM : Is dit al probleme wat die jeug in die tuislande ondervind? -- Nee, maar ek gee u nou my ondervinding van hoe ek weet.

Ek vra vir u wat daar by die werkswinkel bespreek was. Ek vra nie vir u om u ondervinding nou vir die Hof te gee nie. Wat is daar bespreek wat aanleiding gegee het tot hierdie aantekening? -- Daar was geen voorbeelde gemaak van wat plaasgevind in die tuislande nie. Die spreker het daar(20) gepraat van die tuislande en in die toespraak wat die tuislande betrek het, het die spreker melding gemaak van die Ciskei as 'n voorbeeld. Dit is tydens die arrestasies en geslaan word deur die polisie. Dit is tydens die busboikot as ek nog reg onthou. Die spreker het nie van al hierdie besonderhede gepraat nie. Hy het net daardie voorbeeld gemaak.

HOF : U bedoel hy het net gesê die Ciskei? Hy het nie die detail van die Ciskei gegee nie? -- Ja, hy het gesê soos wat gebeur in die Ciskei en dit daar gelaat. (30)

Maar/...

Maar is dit nie twee dinge waarmee ons hier besig is nie? "Harrassment of the youth by the system and Bantu stands"? -- Ja, maar ek was altyd onder die indruk gewees dat ek word gevra oor die tuislande.

MNR. HANEKOM : Verstaan ek u dan nou reg dat dit eintlik twee punte is wat hier onder punt 1 aangeteken het. Een punt is die "harrassment of the youth by the system" en n ander probleem is dié van tuislande.

MR BIZOS : That is misreading it, with respect.

HOF : Die getuie is geregtig om die vraag te beantwoord.(10)
Dit is die tweede onderbreking wat u ons gee. Herhaal die vraag.

MR BIZOS : May I address Your Lordship thereon?

HOF : Herhaal die vraag. Op die oomblik word die vraag herhaal en die getuie gaan n antwoord gee. U kan my later toespreek, mnr. Bizos.

MNR. HANEKOM : Ek vra vir u, verstaan ek u korrek dat onder punt 1 op BEWYSSTUK AT7(D) noem u twee probleme. Eerstens die "harrassment of the youth by the system" en dan n tweede probleem dié van tuislande. Is dit hoe ek dit moet verstaan?(20)
-- Toe u my nou net ondervra het was ek al die tyd onder die indruk gewees dat u vraag gebaseer is op die "harrassment of the youth in the Bantu stands."

Maar dit is hoekom ek u nou die geleentheid gee om vir die Hof te sê hoe moet die Hof punt 1 moet lees? Het u daar neergeskryf twee probleme wat die jeug ondervind of moet dit in een sin ge lees word? Wat moes ons verstaan? -- As n mens dit lees soos deur my daar aangeteken is, is die boodskap dat daar probleme is wat deur die jeug ondervind word as gevolg van die sisteem en die Bantu Stands. Dit (30)

is/...

is hoe ek dit verstaan soos dit daar aangeteken is.

HOF : Is dit nou twee dinge of een ding? Is dit die sisteem in die Bantoeslande, die tuislande of is dit die probleme in die tuislande en ook nog met 'n sisteem? -- Dit is die probleme van die sisteem en die probleme van die tuislande.

Wil u my toespreek, mnr. Bizos?

MR BIZOS : I submit with the greatest respect that the sentence is clear and the question that was put was not a proper question. The ordinary meaning of the sentence is that there is harrassment by the system and homelands. (10) What was put as a result of the question interposed by Your Lordship was not a correct interpretation of the ... (Court intervenes)

COURT : I think you must read the record again. Die volgende vraag?

MNR. HANEKOM : Wat is die "system" waarna u verwys in punt 1? -- Die sisteem wat na verwys word daar destyds in die taal wat gebruik was, het ek verstaan dat dit beteken die polisie en die manier waarop ons regeer word. Hier het ek die sisteem verstaan as die polisie. Dit wil sê die ver-(20) tolking daarvan is die "harrassment" onder die manier waarop hulle regeer word deur die polisie uitgevoer.

Verstaan ek u dan korrek dat onder "system" verstaan u ook die regering van die land? -- Ek verstaan dit in die sin van die manier van regering ten opsigte van Swartpersone.

Wat is die spesifieke manier van regering van Swartpersone waarna u verwys? -- Die manier van die rasse - dit is die manier waarop die kleur van 'n persoon 'n rol speel in die regering. (Tolk voeg by dat die getuie later sê apartheid).

(30)

Kan/...

Kan u net daarop uitbrei, asseblief? Hoe speel apartheid n rol volgens u siening? -- Deur verskil te maak volgens die rasse.

Sluit u daarby in die feit dat u nie verteenwoordiging in die sentrale regering het nie? -- Wat ek daarby bedoel is dat die Swartmense het nie n reg om n persoon te kies nie.

Om dit dus op te som, dit beteken die beswaar is dat u nie stemreg het in die sentrale regering nie? -- Dit is wat ek sê. (10)

Wat was die "harrassment" wat die jeug ondervind het in die tuislande? -- Die spreker het dit nie verduidelik nie.

En die "harrassment" wat die jeug ondervind deur die sisteem? -- Ek onthou dat die spreker daar n voorbeeld gemaak het van die jeug wat gearresteer word vir bewysboeke.

Was dit al voorbeeld wat genoem was? -- Dit is wat ek onthou.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 11 MEI 1987.